

RENTE-REËNBOOG KAN 'N OPTIESE ILLUSIE WEES

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN


Die Suid-Afrikaanse Reserwebank het op 22 Mei pas weer sy repokoers met 500 basispunte verlaag. Dit is reeds die vierde verlaging hierdie jaar en beloop in totaal 2.75 persentasiepunte. Hoewel die bank vir baie jare 'n uiters konserwatiewe monetêre beleid gevolg het noodsaak die totstilstandkoming van ekonomiese aktiwiteite as gevolg van die Koronavirus nou elke vonk wat nodig is om die silinders weer aan die beweeg te sit. Nog verlagings van rentekoerse in die onmiddellike toekoms is nie uitgesluit nie. Die verwagting is dat sulke lae rentekoerse verbruikers se aptyt sal aanwakker om ván kredietkaarte tót nuwe huurkope in te span om hul kooplus mee te versnel.

Die repokoers is die koers waarteen handelsbanke geld by die Reserwebank leen wat hulle dan op hulle beurt weer teen 'n prima gekoppelde rentekoers aan kliënte uitleen. Die primakoers is ongeveer 3 persentasiepunte hoër as die repokoers en beloop tans 7.25% nadat dit vir die afgelope vier jaar tussen 10 en 10.5% gestabiliseer het. Dit is tans die laagste wat dié koers die afgelope dertig jaar was terwyl dit aan die einde van 1989 vir 18 maande lank 21% beloop het en weer in 1998 vir etlike maande lank rondom 25% gedraai het. Die huidige lae prima rentekoers is dus eintlik ongekend in Suid-Afrika.

Vir boere is die lae rentekoers 'n goeie nuus. Dit kom saam met lae brandstofpryse, hoë graanpryse en bogemiddelde someroeste. Dit skep die geleentheid om balansstate reg te stel deur hetsy bestaande skuld vinniger af te betaal, nuwe investerings in grond en verbeteringe aan te gaan of om ou werktuie en masjinerie met nuwes te vervang. Is dit dalk die spreukwoordelike pot goud aan die einde van die reënboog vir daardie boere wat nog altyd groter wou boer op groter plase met groter masjinerie?



Boere het in die algemeen nie 'n geneigdheid om skuld af te betaal wanneer omstandighede dit toelaat nie en sal eerder meer skuld in sulke tye aangaan. Grafiek 1 toon dat die laer rentekoerse wat sedert 2010 gegeld het tot 'n baie skerp toename in boerderyskuld gelei het terwyl die hoë rentekoerse van 1989 tot 2003 'n besliste demper op boerderyskuld was. Die huidige rentekoersvlakke gaan dus heelwaarskynlik 'n verhoging in boerderyskuld tot gevolg hê.



Versneller

Die beginsel van ekonomiese versnelling, soos wat ñ verlaging van rentekoerse ten doel het, veronderstel dat ñ toename in die vraag na verbruikersgoedere noodwendig tot ñ toename in die vraag na masjinerie, en ook investerings wat noodsaaklik is om sulke goedere te vervaardig, sal lei. Sulke versnellers kom as ñ reël uit verhoogde kredietfassiliteite en syfer dan deur totdat dit ekonomiese groei in die geheel beïnvloed. ñ Geringe verandering aan monetêre beleid het dus die potensiaal om positiewe, maar ook negatiewe, skokke op ñ makro-ekonomiese vlak te veroorsaak én selfs te versterk.

Huidig hoop die Reserwebank uiteraard vir ñ positiewe skok maar op sy beste lei oorstimulering van skuld daartoe dat die meeste verbruikers én besighede daardie selfde kredietkaarte en huurkope se limiete in een of ander graad gaan ooreis. Wanneer rentekoerse dan noodwendig weer verhoog moet word om die oorstimulasie teen te werk, is sulke verbruikers en besighede baie meer kwesbaar vir rentekoersverhogings as wat die geval tydens ñ normale besigheidsiklus sou wees. Wanneer die kunsmatige ekonomiese groeifase sy plato bereik en dan geleidelik weer afneem, vang die gevolglike knyptang van hoër rentekoerse en inperking van kredietfassiliteite diegene wat so mildelik van die stimuleringspakkette gebruik gemaak het en verander die reënboog se pot goud in ñ optiese illusie.

Volhoubare groei

In ñ era waar daar gereeld aangevoer word dat boerdery ñ besigheid van skaalekonomie is en sogenaamde megaboere dus as die norm vir finansiële oorlewing voorgehou word, is dit onvermydelik dat die meeste boere elke geleentheid wil aangryp om hul boerderye se omset te kan verhoog. Omset is ongelukkig nie die een wat skuld terug betaal nie, wins is en eenvoudig gestel is dit die geld wat oorbly nadat alle uitgawes betaal is. Skuld het die vermoë om wins te ondersteun maar hou terselfdertyd ook die gevaar in om dit te onderdruk. By die oorweging van uitbreiding is die boerdery se vermoë om die skuld te kan terug betaal dus veel belangriker as die verhoging in omset wat die bykomende skuld gaan meebring en ñ volhoubare groeikoers is daardie groei wat ñ boerdery kan volhou terwyl dit terselfdertyd sy solvabiliteit kan bly handhaaf.

Tydens die finansiële krisis van landbou in die 1980's in die VSA het die Amerikaanse landbou-ekonomiese van die Texas A&M Universiteit, prof Danny Klinefelter, die debiteureprofiel van ñ toonaangewende

bank ontleed, na aanleiding van die feit dat daar steeds ñn beduidende aantal boere was wat tydens daardie krisis steeds volhoubare groei op hulle wins kon bly handhaaf. Hoewel hulle balansstate se markwaarde as gevolg van laer grondpryse bykans gehalveer het, het hulle reële netto waarde bly toeneem. Sy ontleding van die profiel het aangedui dat die boonste 25% van dié boere net 5% meet effektief as die gemiddeld was in terme van al drie die winsdrywers, naamlik prys, opbrengs en uitgawes. Die onderste 25% se effektiwiteit was weer net 5% onder die gemiddeld ten opsigte van die drie winsdrywers gewees. Sy belangrikste gevolgtrekking was egter dat die toppresterders in staat was om hul mededingende voordeel op die lang duur te kon volhou en dat hierdie voordeel ñn saamgestelde rente-effek op hulle groei in netto waarde gehad het.

Dit is volgens Klinefelter uiteindelik die effektiewe bestuur van prys, produksie én uitgawes wat wins dryf en nie noodwendig ñn verhoging in omset nie. Hoewel prys met ñn kortkop gewoonlik die toonaangewer van wins is, is die effektiewe kombinasie van al drie hierdie winsdrywers noodsaaklik en kan elke klein verbetering in effektiwiteit van enige van die drie winsdrywers tot ñn groot verhoging in wins lei. Dit het daartoe gelei dat Klinefelter sy 5%-teorie geformuleer het wat daarop neerkom dat ñn 5% verhoging van prys en ñn 5% verhoging in opbrengs, wat met ñn 5% verlaging in uitgawes gepaard gaan, ñn baie groter verhoging as 5% in wins meebring. Gevolglik is dit nie nodig om met meer skuld vir die pot goud aan die einde van die reënboog te gaan nie omdat klein realistiese aanpassings oral deur die boerdery ñn veel goedkoper uitkoms bied. Sy teorie word in Tabel 1 bevestig met ñn nog meer konserwatiewe demonstrasie van ñn 3% verbetering in effektiwiteit.

TABEL 1: WINS NA 3% VERBETERING IN EFFEKTIWITEIT




	Huidig			Na 1 jaar		Na 10 jaar	
Prys/ton	R	2 317	3%	R	2 387	R	3 023
Opbrengs (ton)		5.4	3%		5.6		7.1
Totale inkomste/ha	R	12 588	6%	R	13 355	R	21 430
Direkte uitgawes/ha	R	5 558	3%	R	5 391	R	4 225
Toegedeelde uitgawes/ha	R	3 852	3%	R	3 737	R	2 929
Vertakkingswinst/ha	R	3 178	33%	R	4 227	R	14 276
Toename in wins				R	1 049	R	11 099
Saamgestelde toename in wins							11%

Bron: Computus Bestuursburo

Tabel 1 bevat gewenens van die mielievertakking van Computus se groep deelnemende boere waarvan dertien ñn mielievertakking gehad het. Die gemiddelde prys wat hierdie boere in 2019 vir hulle mielies ontvang het was R2 317/ton terwyl hulle gemiddelde opbrengs 5.4 ton/ha was. Die direkte uitgawes was R5 558/ha en die toegedeelde uitgawes R3 852/ha wat die mielievertakking se gemiddelde wins vir hierdie groep boere vir 2019 op R3 178/ha te staan gebring het. Indien hierdie groep boere hulle prys en opbrengs in die daaropvolgende jaar met 3% kan verhoog en terselfdertyd hulle uitgawes met 3% kan verlaag, sal die wins met 33% tot R4 227/ha kan toeneem. Ná tien jaar kan die wins van R3 178/ha tot R11 099/ha verhoog.

Die aanvanklike impak is baie groot maar namate die effektiwiteit toenemend verbeter raak die jaar-op-jaar verbetering in wins minder omdat die effektiwiteit elke jaar vanaf ñn verhoogde basis plaasvind, soos in Grafiek 2 aangedui. Die saamgestelde groei in wins as gevolg van ñn volgehoue jaarlikse verbetering van 3% in effektiwiteit beloop egter 11% oor die tydperk van tien jaar.



Ruimte vir verbetering

Prof Klinefelter is van mening dat daar ongeveer 100 onderlinge stappe en prosesse is om mielies te produseer. Dit behels soms klein en soms groot aktiwiteite en besluite rondom die finansiering, produksie en bemaking van mielies. Volgens hom is daar geen boer in die wêreld wat al honderd hierdie stappe 100% effektief uitvoer nie en sal daar altyd iewers 100 boer wees wat 100 spesifieke stap beter as al die ander doen. Dit skep dus die ruimte vir beste praktyke waarna elke boer kan streef. Hierdie beginsel word in Tabel 2 geïllustreer.

TABEL 1: RANGORDE VAN BOERE VOLGENS MIELIEPRODUKSIE

Wins	Grootte	Inkomste	Prys	Opbrengs	Direkte koste	Toeged koste	Saad/ton	Kunsmis/ton	Arbeid/ton
1	8	1	2	1	8	6	3	3	1
2	1	2	1	3	11	11	4	8	4
3	7	3	4	2	13	3	8	2	8
4	4	8	9	6	2	8	1	5	12
5	9	6	5	8	4	5	6	10	5
6	13	12	13	12	1	1	2	1	2
7	10	7	8	7	7	4	11	6	6
8	5	10	11	9	9	2	10	11	3
9	3	5	10	5	5	10	7	7	7
10	6	4	7	4	12	12	5	9	9
11	12	9	6	10	3	13	9	4	13
12	2	11	12	11	10	9	12	12	11
13	11	13	3	13	6	7	13	13	10

Bron: Computus Bestuursburo

Tabel 2 toon die rangorde van die dertien deelnemende boere van Computus wat 100 mielievertakking in 2019 gehad het. Hierdie boere is in die eerste kolom volgens hoogste na laagste wins gesorteer en dui hul rangorde ten opsigte van die ander kriteria in die res van die kolomme aan. Dié boer met die hoogste wins/ha het ook die hoogste opbrengs/ha gehad maar het die tweede hoogste prys vir sy mielies behaal

terwyl hy die 8ste grootste boer in terme van hektare onder produksie was. Sy arbeidskoste/ton mielies geproduseer was ook die laagste van die groep gewees. Dié boer wiese wins die 6de hoogste was se uitgawes was die laagste en hy het sy kunsmis die effektiefste aangewend in terme van kunsmiskoste/ton mielies geproduseer. Dié boer met die meeste hektare onder produksie het ook die hoogste prys vir sy mielies behaal maar was 11de in terme van beide direkte én toegedeelde uitgawes. Dit strook met Klinefelter se siening dat geen boer alles rondom boerdery reeds perfek doen nie en dat daar altyd iewers ñ boer gaan wees by wie iets oor ñ fasset van boerdery geleer kan word. Dit bevestig ook dat daar vir veral die onderste groep boere heelwat ruimte vir verbetering op vele aspekte van mielieproduksie is en dat hulle sodoende hulle wins kan verhoog, eerder as om hul omset te verhoog.

Die slotsom is dus dat om groei in omset met geleende kapitaal na te jaag nie noodwendig volgehoue groei in wins gaan waarborg nie. Klinefelter se suksesresep is gevolglik:

- As ñ boer weet wat sy boerdery se winsdrywers is sal hy weet hoe om weerstand teen onvoorsiene gebeurtenisse te kan bied, winsgewende geleenthede te kan benut en ingeligte besluite oor uitgawes te kan neem;
- Om wins te verhoog moet ñ boer sy produksie verhoog, hoër pryse beding en uitgawes besnoei;
- Hoewel prys die grootste winsdrywer is, het veelvuldige kumulatiewe klein verbeteringe oor die hele boerdery heen oor tyd ñ groter impak op wins;
- Kyk verby omset en ontleed elke uitgawe-item, insluitende bedryfsuitgawes, kapitaalvervanging, arbeid en finansieringskoste;
- Die boerdery se skulddelgingsvermoë, en nie omset nie, is krities wanneer nuwe skuld aangegaan moet word;
- Die beperking van verliese is net so belangrik soos maksimum wins. Die aanpassing by en weerstand teen ongebeurlikhede is dus belangriker as omset.

Gedaanteverwisseling

Daar is stories van hoe meisies in seuntjies en seuntjies in meisies verander as hulle onderdeur die reënboog loop. Dit is natuurlik ñ wolhaarstorie, nie noodwendig omdat ñ gedaanteverwisseling nie moontlik is nie maar eerder omdat dit onmoontlik is om onderdeur die reënboog te loop. ñ Reënboog is ñ optiese illusie wat al verder weg skuif soos jy nader daaraan kom, al probeer jy onderdeur loop. Gevolglik is daar nie groot potte vol goud onder die grond op die plek waar die reënboog aard nie.

Dit is ñ optiese illusie om te dink ñ boerdery se sukses is onderhewig daaraan om ñ gedaanteverwisseling met behulp van skuld te ondergaan. Geld bly in wese maar net ñ instrument wat die waarde van arbeid weerspieël. Wins lê veel eerder in die effektiwiteit en bekwaamheid van arbeid en daarom het geld nie ñ absolute waarde van sy eie nie. Geld bevestig uiteindelik net wie en wat ons reeds is en juis dáárin lê die reënboog met die pot vol goud aan sy onderpunt.

BRONNE:

Halton, C. *Financial Accelerator*. Jul 10, 2019.

Langemeier, M & Boehlje, M. *What is My Sustainable Growth Rate?* Purdue University, 2016.

Schafer, S. *Danny Klinefelter: The ROI for Being 5% Better*. 21 Junie 2019.

Stretch, T. *Generating more profit from your farm business*. Department of Agriculture and Food, Government of Western Australia. 2014.

KASSIE:

Lank gelede het die Wikings onder andere ook in Ierland gewoon en alles rondom hulle na goeë dunde gestroop en geplunder vir die blote genot daarvan. Omdat hulle nie al hierdie oormaat van onregverdig verkreeë skatte self kon benut nie het hulle baie daarvan vir latere gebruik onder die grond begrawe. Toe hulle uiteindelik weer die smarageiland verlaat het hulle baie van hierdie ondergrondse skatte daar gelos en dit is mettertyd deur die dwerge gevind. Hulle was terdeë daarvan bewus dat die Wikings hierdie skatte onregmatig bekom het en gevolglik het die dwerge ñ groot wantroue in mense ontwikkel, Wiking of nie. Die dwerge het al die skatte waarop hulle afgekom het en wat hulle nou as hul eie beskou het, weer op onbekende plekke baie diep onder die grond gaan herbegrawe omdat hulle seker wou maak dat die mense dit nie weer in die hande sou kon kry nie. Al aanduiding van waar hierdie skatte was, was wanneer ñ reënboog verskyn het en dan het sy punt reg bo-op so ñ skattegraf tot stilstand gekom.

Maar hier is die vangplek: mense wat dié legendariese skatte wil gaan opgrawe slaag nie daarin om die punt van die reënboog te bereik nie. Dit kom voor asof ñ reënboog ñ perfekte boog vorm maar die realiteit is dat dit in werklikheid ñ volle sirkel is. Omdat ons op die grond staan sien ons net die refleksie van die lig van die son wat op die reëndruppels skyn wat bokant die horison sigbaar is. Ons kan dus nie die onderste helfte van die reënboog vanaf so ñ waarnemingspunt sien nie. Omdat dit ñ sirkel is kan ons ook nooit die einde of onderkant van die reënboog bereik nie. Die punt waar die lig die boog vorm is ook altyd ñ spesifieke afstand en teen ñ spesifieke hoek van ons af en daarom sal die waarneming altyd wees dat die reënboog van ons af weg beweeg soos wat ons nader daaraan probeer kom. Dus is ñ reënboog in wese ñ optiese illusie en sal mens nooit sy punt kan bereik om vas te stel of die legendariese Wikingskatte wel daar begrawe lê nie.

Bron: Mystical Myth